



KINDERSORGEENHEDE

Die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet maak voorsiening vir verskeie vorms van alternatiewe sorg vir kinders wat verlaat is of nie veilig is in hul gewone huise nie. Alternatiewe sorgseenhede kan ook in bepaalde gevalle vir jong oortreders gebruik word as alternatiewe vir polisie en tronke.

Ander kindersorgseenhede soos kindertuine en dagsorgsentrums sorg vir kinders terwyl hulle ouers werk. Skuilings is kindersorgseenhede waarheen kinders uit eie keuse kan gaan.

Hierdie feiteblad bespreek die reëls in verband met plekke van veiligheid, kinderhuise, onderwys- en opleidingsentrusms, versorgingsplekke en skuilings. (Pleegsorg en aanneming is ook vorms van alternatiewe sorg, maar die reëls vir hierdie soort versorging word in aparte artikels bespreek.)

ALTERNATIEWE SORGEENHEDE	
Plekke van veiligheid	'n Plek van veiligheid is 'n plek waar kinders tydelik kan woon. Dit kan 'n kinderhuis, 'n skoolkoshuis of 'n hospitaal wees. Enigeen wat gekeur is om 'n pleegouer te wees kan ook 'n plek van veiligheid voorsien. 'n Kind moet altyd in 'n plek van veiligheid geplaas word binne die gemeenskap of streek waar hy normaalweg woon, en die plek van veiligheid moet verkieslik 'n pleeggesin wees eerder as 'n instansie, indien moontlik (as dit in die beste belang van die kind is).
Kinderhuise	'n Kinderhuis is 'n eenheid wat inwonende sorg vir kinders verskaf. Die konsepwet maak voorsiening vir private sowel as regeringsbeheerde kinderhuise.
Onderwys- en beroepsopleidingsentrusms	Onderwys- en beroepsopleidingsentrusms is geriewe wat spesiaal ontwikkel is om kinders met spesifieke behoeftes en probleme te help, soos jong oortreders of kinders met gedrags- of emosionele probleme. Die konsepwet maak voorsiening vir private sowel as regeringsbeheerde sentrusms.
ANDER KINDERSORGERIEWE	
Versorgingsplekke	'n Versorgingsplek is enige plek waar meer as ses kinders op 'n tydelike basis versorg word. Dit sluit in kindertuine, dagsorg, private voorskole en kleuterskole, maar nie gewone skole, skoolkoshuise of mediese instansies waar kinders behandel word nie.
Skuilings	'n Skuiling is 'n gerief wat basiese dienste verskaf, insluitend oornagakkommodasie, vir straatkinders en ander kinders wat die plek uit eie keuse besoek en vry is om dit te verlaat wanneer hulle wil.

Minimum standaarde

Alle geriewe vir die versorging van kinders moet in die volgende basiese behoeftes voorsien:

- Ⓞ 'n veilige plek waar die kinders kan speel
- Ⓞ voldoende spasie en vensters vir vars lug
- Ⓞ veilige drinkwater
- Ⓞ higiëniese en voldoende toiletgeriewe
- Ⓞ genoegsame plek om van rommel ontslae te raak
- Ⓞ 'n higiëniese plek om die kinders se kos voor te berei.

Dit is die basiese standaard. Regulasies wat uitgegee is kragtens die Kindersorg- en Beskermingswet sal meer besonderhede verskaf rakende die standaard vir verskillende tipes geriewe vir kinders.

Jaarlikse registrasie

Mense wat in beheer is van versorgingseenhede vir kinders moet hulle versorgingseenheid by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn registreer. Hierdie registrasie moet jaarliks hernu word. Die Ministerie het die mag om 'n versorgingseenheid se registrasie te kanselleer as dit nie voldoen aan die wet nie of nie enige spesifieke voorwaardes verbonde aan die registrasie nakom nie of vir enige ander aanvaarbare rede.

Inspeksies

Periodieke inspeksies kan uitgevoer word deur 'n maatskaplike werker, 'n personeellid van 'n plaaslike owerheid of enige persoon daartoe bemagtig deur die Ministerie. Dit is 'n misdad vir enigeen om samewerking tydens 'n inspeksie te weier.

Wat gebeur wanneer 'n kind in alternatiewe sorg die ouderdom van 18 bereik?

Wanneer 'n kind wat in alternatiewe sorg is die ouderdom van 18 jaar bereik, word hy of sy toegelaat om by die versorgingseenheid aan te bly tot aan die einde van daardie kalenderjaar. 'n Kind kan ook magtiging van die Minister vra om in die versorgingseenheid aan te bly tot aan die einde van die kalenderjaar waarin hy of sy 21 jaar oud word, indien die alternatiewe versorger gewillig is om met die plasing voort te gaan en indien die verlengde verblyf nodig is vir die kind om sy onderwys of opleiding te voltooi.

BESPREKINGS PUNTE

- ⦿ Bestaan daar enige probleme in die huidige werking of bestuur van kindersorgeenhede in Namibië?
- ⦿ Watter soort kontrole en inspeksies moet plaasvind?
 - ⦿ Watter regeringsbeamptes moet die kindersorgeenhede besoek?
 - ⦿ Moet sekere soorte kindersorgeenhede beter gekontroleer word as ander?
 - ⦿ Hoe dikwels moet 'n maatskaplike werker die geval van 'n individuele kind wat in alternatiewe sorg geplaas is kontroleer?
- ⦿ Dek die lys van minimum standaarde al die basiese vereistes wat elke kindersorgeenheid behoort te voorsien? Kom daar iets kort in die lys?
- ⦿ Is dit prakties dat kindersorgeenhede hul registrasie elke jaar moet hernu?
- ⦿ As 'n kind uit alternatiewe sorg plasing ontslaan word om huis toe te gaan, bestaan daar 'n behoefte vir voortgaande kontrole of leiding om te verseker dat die kind se veiligheid gewaarborg is?
- ⦿ Moet die wet voorsiening maak vir spesifieke maatreëls om kinders by te staan tydens hulle oorgang na 'n onafhanklike lewe wanneer hulle die alternatiewe sorg eenheid op ouderdom 18 of 21 verlaat?
- ⦿ Moet skuilings wat tydelike huisvesting aan mishandelde vrouens bied, geregistreer word kragtens hierdie wet (aangesien sulke skuilings soms toelaat dat kinders hul ouers hierheen vergesel)?

WAT DINK JY?

Stuur jou kommentaar aan:

SMS: 0814241591

E-pos: CCPA@lac.org.na

Faks: 088613715

Posadres: Posbus 604, Windhoek



Vir meer inligting oor die Konsep Kindersorg- en Beskermingswet, kontak Monalisa Zatjirua (061-2833116) of Celeste Feris (061-2833179) by die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, of Rachel Coomer by die Legal Assistance Centre (061-223356).

Dié feiteblad is ontwerp deur die Ministerie van Geslagsgelykheid en Kinderwelsyn, gefasiliteer deur die Legal Assistance Centre en ondersteun deur UNICEF.

